# MURLUDI 2025

| ROETE: | MURLUDI (ELSBOSROETE) BY TULBAGH | DATUM: | 8 FEBRUARIE 2025 |
|---|---|---|---|

**KOMMENTAAR**

Agttien stappers het die vroeë begin van die Elsbosroete by Murludi Vrugteplaas noord van Tulbagh, aangedurf. Hoewel Wynand nie kon saamstap nie, het hy ons per fiets gemonitor (of altans totdat die hitte hom van die toneel laat verdwyn het). Die son was ons aanvanklik genadig en die eerste 2-3 km deur die vrugteboorde het gemaklik verloop, veral danksy bewolktheid bo, alhoewel ons toe reeds hoogte begin wen het. In die middel van die syfer 8 vorm roete het ons deur die fynbos gedeelte begin stap en vandaar was die roete steiler. Die beloning was 'n uitsig oor die hele Tulbagh-vallei na die suide; oor damme en plase heen met die dorp in die verte. Ons etebreek was vroegerig, by 'n mooi water- en boomryke skadukol. Die besluit om daar te stop was goed, want daarna was die 30 grade plus sonskyn van bo af terug en skadu so skaars soos hoendertande. Die rotsklip ondervoet het ons stadig maar seker laat vorder en, 'n paar glye en valle op die losgrond-gedeeltes ten spyt, het almal in een stuk weer die afdraai na die rivier-roete (laaste 2 km) bereik. Teen naby 13h00 was ons terug by Murludi se ontvangs en almal wou vir 'n rukkie daarna nie weer oor groot klippe klouter nie. Heerlike taaipitperskes en tamaties was teen billike pryse te koop en van die stappers was al teen die aand besig om konfyt te kook! Montpellier se sprokiesbos waar ons sou vertoef agterna, was met die lank stap toe ongelukkig al gesluit vir 'n privaatfunksie maar hul pizza en drankies by die Bouval-restaurant langsaan was nog steeds 'n treffer (toe ons eers almal die plek opgespoor het)! Dit was baie spesiaal dat al 18 stappers en ons fietsmaat agterna nog lekker kon saamkuier - 'n volhuis dus behaal vir die stap- en die toerkomponent! Dankie aan almal vir die meelewing. Hoogte verwerf = 475m.

| STAPPER | LIDNOMMER | ADMINFOOI | KM | OPMERKING |
|---|---|---|---|---|
| Pohl, Freddie | 090 | R 5 | 9 | |
| Pohl, Susan | 091 | R 5 | 9 | |
| Krause, Michelle | 142 | R 5 | 9 | |
| Krause, Madie | 038 | R 5 | 9 | |
| Keulder, Beulagh | 051 | R 5 | 9 | |
| Terblanche, Edna | 040 | R 5 | 9 | |
| Le Roux, Magda | 124 | R 5 | 9 | |
| Kriel, Jeanette | 163 | R 5 | 9 | |
| Geldenhuys, Ilze | 034 | R 5 | 9 | |
| Gerber, Lecia | 033 | R 5 | 9 | |
| Du Plooy, Liesl | 054 | R 5 | 9 | |
| Du Toit, Steph | 031 | R 5 | 9 | |
| Du Toit, Mariana | 032 | R 5 | 9 | |
| Du Toit, Lieneke | 104 | R 5 | 9 | |
| van Eck, Arie | 148 | R 5 | 9 | |
| van Eck, Arina | 147 | R 5 | 9 | |
| Myburgh, Miranda | 092 | R 5 | 9 | |
| Matthee, Amanda | 045 | R 5 | 9 | |
| | | | | |
| | TOTALE: | R 90 | 162 | |

| NOODHULPSAKKIES IS BESORG AAN: | Eie gebring |
|---|---|
| ITEMS GEBRUIK: | Geen |

**NAME OP WAGLYS**

| | |
|---|---|
| | |
| | |

| VERSLAG DEUR: | Freddie Pohl |
|---|---|